

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

## Woorddiens

### Tema: Wat laat jou wakker lê? (Spyt)

### Skriflesing: 2 Korintiërs 2:1-13

### Broodjies vir die pad

Ons almal ken spyt, en weet hoe dit ons kan laat wakkerlê in die nag. En daar is „n soort spyt wat ons gevange kan hou in ons **verlede**; wat ons beroof van ons **toekoms**. En ons verlam in die **hede**.

Daar is oorwegend twee breë kategorieë van spyt in ons lewe:

- Die dinge wat ek *gedoen* het,
- en die dinge wat ek nagelaat het om te doen.

Die **vyf dinge** waaroor mense spyt is op hul **sterfbed** (nav „n artikel geskryf deur „n verpleegster):

- 1) dat ek nie die moed gehad om myself te wees nie; om iemand te anders as die ware ek te probeer wees.
- 2) dat ek te hard gewerk het
- 3) dat ek nie die moed gehad het om uitdrukking te gee aan my gevoelens nie
- 4) dat ek het nie meer uitgereik na my vriende nie
- 5) dat ek nie gekies het om gelukkig te wees nie

“Our cup of sorrow and joy, when lifted for others to see and celebrate, becomes a cup to life . . . Mostly, we are willing to look back at our lives and say: “I am grateful for the good things that brought me to this place.” But when we lift our cup to life, we must dare to say: “I am grateful for all that has happened to me and led me to this moment. This gratitude which embraces all of our past is what makes our life a true gift for others, because this gratitude erases bitterness, resentments, **regret**, and revenge as well as all jealousies and rivalries. It transforms our past into a fruitful gift for the future, and makes our life, all of it, into a life that gives life.”

uit: *Can you drink the cup* deur: Henri J.M. Nouwen

(Al bg aangehaal uit Kruiskerk se preekreeks bulletin)



### Fragmente uit die Ilias

#### Homerus

#### Cas Vos (vert.)

Die sentrale gegewe in die *Ilias*, die lang verhalende gedig van Homerus, is wyd bekend: Die Griekse koning Agamemnon sweer wraak wanneer sy vrou, die skone Helena, deur Paris, ’n prins van Troje, ontvoer word. Dit ontketen die tien jaar lange Trojaanse oorlog, ’n bloedige stryd met talle menslike helde soos Hektor, Achilles, Aias en Odusseus, waarin die gode ook telkens ingemeng het.

Saam met die *Odusseia*, Homerus se ander groot epos, word die *Ilias* as tydloos beskou, ’n teks wat vandag nog deur

“almal” gelees behoort te word. Die twee verhalende gedigte word dikwels beskryf as die beginpunt van die Westerse letterkunde selfs as die beginpunt van die wêreldletterkunde, omdat dit so ’n enorme invloed op die poësie en verhaalkuns uitgeoefen nádat dit iewers in die agste of sewende eeu v.C. ontstaan het. Die romantiese reis van Odusseus in die *Odusseia* het meer aandag in die Afrikaanse letterkunde getrek as die geweld en lewensverlies van die *Ilias*, maar in 2014, die jaar waarin die honderdjarige herdenking van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog plaasvind, is Cas Vos se vertaling van fragmente uit die *Ilias* ’n tydige herinnering aan die heroïese én gewelddadige kant van oorlog. Die vertalings van fragmente van Homeros se epiese gedig word voorafgegaan deur ’n oorsig van die invloed van die *Ilias* op die wêreldletterkunde, ’n kort bespreking van die uitdaging van poësievertaling en ’n beskrywing van die konteks van die vertaalde fragmente uit die verskillende “boeke” waaruit die *Ilias* opgebou is. Hierdie publikasie is bedoel vir kenners en belangstellendes in die poësie sowel as die klassieke Griekse letterkunde. Lesers sal tonele uit die rolprent *Troy* herken in die gebeure wat in hierdie Afrikaanse vertaling verhaal word.

Biografiese inligting: Prof. C.J.A. Vos is ’n bekende teoloog en was dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

<http://versindaba.co.za/2014/10/15/nuwe-publikasie-fragmente-uit-die-ili-as-cas-vos>



Verraai ons angs nie anoniem dat die lewe weerloos ontkiem?

Die glasglans stem die blaser mild.  
Die kersvlam vorm die hand tot skild.

Die krokus wys beton se grens.  
Hoe kosbaar ’n kwesbare mens.

(deur: Okke Jager, 1992)

(Die gedig van Okke Jager, is uit die Nederlands vert. deur Cas Vos. Die vers het in sy laaste boek van artikels wat hy vir *Trouw* geskryf het, in 1992 verskyn. Hy het ’n breintumor gehad en is binne ’n paar maande oorlede. Jan. 2011)

### Verlore tyd

’n Skoelapper fladder vlugtig  
soos ’n skaduwee verby  
terwyl sterre se skittering  
tydloos en onverskillig bly.

Oor die aarde se rimpelvel  
sprei ’n engel sy vlerk,  
klop aan die koue uur  
om stilwees te merk.

In ’n nes van spikkel sterre  
waak kraaie oor afwesigheid.  
Wie praat nog oor verborge  
verlange na verlore tyd?

© Cas Vos. September 2009

<http://versindaba.co.za/gedigte/cas-vos>

## Brood vir die pad

### Sê-nou-maar is 'n reis vol dagdromery

Annelie Botes

Soms wil ek graag hê die gryse moet saamspeel as ek sê-nou-maar wil speel. Maar hy sê daar bestaan nie iets soos sê-nou-maar nie. Nou hoop ek daar is andere wat ook van sê-nou-maar hou. Dan kan ons saamspeel, al is dit in ons gedagtes.

Met dinge soos: Sê-nou-maar jy kon vir die res van jou lewe nét vyf kossoorte eet, wat sou dit wees? Of net vyf musieksnitte luister? Vyf fliëks oor en oor kyk? Vyf kleure kies vir jou ganse klerekas, linne, gordyne, meubels en mure? Vyf kruideniersitems in die huis wat nóóit opraak nie? As ek die gryse kon inruil, watter vyf mans sal die kortlys haal? Dan kan ek nogal gallerig raak. As ek sout in vyf mense se koffie kon gooi, wie sal dit wees? As ek 'n regter was en ek kon vyf mense tronk toe stuur om op ryswater te leef, wie sal ek vonnis? By watter vyf mense se krae sou ek jeukpoeier ingooi?

Een van die beste sê-nou-maars is om te dink watter vyf mense ek sal saamneem as ek vir vyf jaar 'n eiland met uitgesoektes moet deel. Ingewikkelde besluit. Want as mense saamgebondel word, al is dit mense wat sterk aanklank vind, is ons versweë eienskappe geneig om kop uit te steek. Gewoonlik kom die geneuktes eers uit as ons aan land gaan en die bootjie het weggevaar.

Vir luigatte sien ek min kans. Ewe min vir spogjakkelse en onsinbabbelaars. Los maar die bewendes wat vir alles bang is, van donderweer, tot motte, tot slotwater, tot 'n kokosneut wat dálk op hul kop mag val. Mense van geloof is goed; nié dwepers nie. Iets wat die ghries uit my wiele irriteer, is as mense in oordrewe verkleinwoordjies praat. Oumensies, liefdetjies, medisynetjies, groentetjies, drukketjies, 'n grootmens wat 'n ander grootmens sy maatjie noem. Om nie te praat van maaikie nie. My ma het gesê diesulkes probeer andere oortuig van hul engelagtigheid.

Elkeen van die vyf (eilandmaaikies!) op my lys sal planmakers wees. 'n Brandende sin vir humor hê. Bittereinders wees. Geen politiek aanhang nie, behalwe die politiek van integriteit. 'n Bietjie gefundeerde sielkundekennis besit. Tussen hulle moet daar maaikies wees wat my swaktes kan aanvul. 'n Boomklimmer as die piesangtros hoog sit. 'n Atleet wanneer 'n veldhaas gevang moet word. En iemand met outoriteit wat my kan vasvat en sê: "Hou nou jou groot bek!"

So droom ons elkeen sy eie drome en sorteer sy eie gedagtes en skep sy eie eilande. Al bestaan sê-nou-maar nie rêrig nie.

<http://www.netwerk24.com/stemme/2014-10-14-s-nou-maar-is-n-reis-vol-dagdromery>



### Melancholie ook 'n bron van ekstase

Wilhelm Jordaan

Jaco Nel skryf meegevoer (Beeld, 10 Oktober) oor "oom Len", die 80-jarige Leonard Cohen se "poëtiese meesterstuk" – die album Popular Problems, wat pas uitgereik is.

En ek, oom Wilhelm, en baie ander ouerige ooms en tannies (én jonger seunskinders en meisiekinders) wat ek ken, is eweneens in vervoering – om weer eerbiedig te kniel voor die groot meester van musikale melancholie. Wanneer sy stadige blues-inkledings ("I'm slowing down the tune/I never liked it fast . . .") jou stadig en nog stadiger tot in die murg oorrompel. Soos in "Almost Like the Blues":

"There is no G-d in Heaven/And there is no Hell below/So says the great professor/Of all there is to know/But I've had the invitation/That a sinner can't refuse/And it's almost like salvation/It's almost like the blues . . ."

Dan, vieserig, herinner ek my aan sommige wat reken Cohen is bloot 'n "siniese ou ballie" wat op "selfmoordmusiek" floreer. Hy praatsing jou mos in 'n depressie in. So word beweer.

En ek protesteer: Duisend maal nee! Hy kry reg wat Robert Burton in 1621 in sy *The Anatomy of Melancholy* as die "godelikheid van musiek" aangedui het – dat dit 'n "melancholiese mens gelukkig maak; 'n gelukkige mens nog gelukkiger as tevore; 'n minnaar nog meer toegewyd as ooit; en 'n godsdienstige mens met nog groter eerbied vervul".

Daaruit kom 'n skoonheid wat die begeerte vir lewe uitroep, al is dit vermeng met lyding, verlies, eensaamheid, donkerte en lewensangs. Dit laat jou die harmonie van gelyktydige droefheid en 'n glimlag begryp; die toepaslikheid van ironie as 'n leefwyse.

Jy wil dan, soos Elisabeth Eybers dit verwoord in "Nuwejaarsvers", die "voelhorings van ironie laat dwaal/oor dit wat was, wat is, wat moet gebeur." Jy wil "nagaan hoe grondig welslae faal, die lang mislukking en die pyn deurtas".

Om ironies te leef behels dan, soos N.P. van Wyk Louw in sy gedig "Groot Ode" aanteken, dié wete: ". . . niemand tref dit móóí in die heelal nie;/eintlik moet ons leer ironies lewe:/én: binne ironie nog liefde hou."

Cohen sing dít in die lied "Going Home": "He wants to write a love song/An anthem of forgiving/A manual for living with defeat/A cry above the suffering/A sacrifice recovering . . ."

Die ironiese mens is nie sinies nie, juis nê. Die ironiese mens verstaan die grense van begrip; begryp menswees se dubbelgesig; die teenstrydighede en die paradokse; die voorlopigheid van alle weet; die altyd aanwesige vermoede dat absurditeit 'n onafwendbare menslike toestand is.

En tog, tussen al die krake deur, kom 'n bietjie lig wat toelaat dat jy die uiterstes in jouself tot versoening bring eerder as om dit te ontken of daardeur verswelg te word. Melancholie is deel van menswees se "donker saad", maar ook 'n bron van skeppende energie, nadenkende besinning en ekstase op die hoogtes.

Soos Leonard Cohen dit al jare lank doen.

<http://www.netwerk24.com/stemme/2014-10-15-melancholie-ook-n-bron-van-ekstase>